

# St. Regina

# 7 September

(3de Eeu)

Daar is min bekend oor hierdie stadsheilige van Autun in Frankryk. Volgens oorlewering was sy die dogter van ’n heiden genaamd Clemens. Haar moeder sterf by haar geboorte en sy word deur ’n Christen kinderoppasser groot gemaak wat haar die Christelike geloof geleer het. Toe haar vader uitvind gooi hy haar uit die huis. Sy gaan woon by haar kinderoppasser en pas skape op in die veld om haar brood te verdien. Intussen het die plaaslike Romeinse prefek, Olybrius, op haar verlief geraak en daarop aangedring om met haar te trou. Toe sy op grond van haar geloof weier, is sy gearresteer en in die gevangenis opgesluit waar sy gefolter en uiteindelik onthoof is.

© Die Oratorium Uitgewery